Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Maart 2011

Pas my skape op

Lees binne...

- **Herderlike skrywe** – 1
- **Pas my skape op** – 2
- **Stryd van Soedan se Christene** – 3
- **Uitdrywing van demone** – 3
- **60 jaar in die bediening** – 5

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Herderlike skrywe (Kommissie van die AKV)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Pas my skape op
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Stryd van Soedan se Christene (Ds Willem Sauer)
  Uitdrywing van demone (Ds Colin Hertzog)
- Bl 4 **Kerkwêreld**
  Woelinge in kerklike geledere
  En in Suid-Afrika... (Dr Wouter van Wyk)
- Bl 5 **Kerkwerf**
  60 jaar in die amp – prof Barend Jacobus Engelbrecht (Dr Christo Pretorius)
  60 jaar in die amp – prof Johannes Petrus Oberholzer (Ds Anet Dreyer-Krüger)
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
  Huisbesoek se ander kant (Ds Thomas Joubert)
  Nuwe Bybelstudiegids beskikbaar
  VTT 2011
  Ons Kerk sal ernstig moet besin (Dr Koos Engelbrecht)
  Oor die herderlike skrywe (LS Brecher)
- Agterblad **Oordenking**
  Die vreemde plan (Ds Geo Smit)

Herderlike skrywe

In die herderlike skrywe wat vroeër aan gemeentes gestuur is en wat in hierdie uitgawe van *Die Hervormer* opgeneem is, sê die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** (AKV) dat ons as Reformatoriese kerk moet onthou dat God vir ons die gans andere, onbegryplike en onnaspeurbare God is, en dat ons altyd op Hom wag. Ons vra deurlopend na sy wil. Daarom kan die Kerk nooit staties wees nie, nooit maar net tevrede met dinge soos dit altyd was nie, met ’n houding dat dinge altyd so moet bly nie. Die Kerk is lewend, in beweging, en korrigeer en hervorm haarself altyd. Die Kerk moet altyd die moed hê om haar eie uitsprake van die verlede krities te bekyk en te beoordeel.

Dit beteken dat elke geslag opnuut op soek is na God se wil vir ons lewens. Ons erken daarmee dat tye en kontekste verander en dat kerklike uitsprake altyd kontekstueel en tydgebonde is. Maar, indien die Kerk dan in vandag se konteks ’n saak nuut beoordeel, beteken dit nie dat die verlede óf die mense wat in die verlede in hul worsteling daarmee tot ’n ander beslissing gekom het, veroordeel of verketter word nie. Ons behoort eerder beskeie te wees oor die uitsprake wat ons vandag maak, omdat ons weet dat tye en kontekste sal verander. Latere geslagte gelowiges mag in hul ontmoeting met die lewende God straks anders oordeel as wat ons vandag oordeel.

Die Kommissie van die AKV versoek die Kerk om die besluit wat op die AKV oor apartheid geneem is, in die lig van hierdie teologiese besinning te verstaan. Met dié besluit het die Kerk ’n sterk tree vorentoe gegee in die rigting van ekumeniese betrokkenheid. Noudat die pad vir die Kerk ooplê om ekumenies betrokke te wees, behoort die Kerk voluit toe te tree tot die debatte wat op die ekumeniese agenda was en is.

****

Pas my skape op

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, vra: Waarmee is ons besig in die kerk? As ’n mens wil bepaal wat en wie vir jou belangrik is, is een manier om dit te doen deur gewoon te kyk na die tyd wat jy aan iets of iemand bestee.

Uit sommige van die kommentaar en opmerkings van lidmate blyk dit dat daar onder lidmate in die Kerk die persepsie bestaan dat die Kerk te veel tyd en aandag aan sake soos die besinning oor apartheid en teologiese strydvrae bestee. Dit sou gedoen word ten koste van lidmate se pastorale versorging. Oor die meriete van hierdie persepsie wil *Die Hervormer* hom nie uitspreek nie. Maar die blote bestaan daarvan is kommerwekkend.

Die kerk se kernopdrag is om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense te verkondig sodat mense tot ’n lewende verhouding met God kan kom en daardeur iets van God se liefdevolle en genadige teenwoordigheid in hul lewens sal ervaar. Hierdie opdrag aan die kerk word onder andere verwoord in Jesus se opdrag aan Petrus: *Laat my skape wei*

en *Pas my skape op* (Joh 21: 15 en 16). Verskaf die kerk vandag hierdie geestelike voedsel en versorging wat God se kudde in ons tyd nodig het? Ons sal veral ten opsigte van twee sake selfondersoek moet doen: ons offervaardigheid, en die aktiwiteite waarmee ons onsself besig hou.

Ons almal het die verantwoordelikheid om God se kudde op te pas. Daarom word die herderlike skrywe van die Kommissie van die AKV verwelkom. Mag dit 'n mate van rustigheid bring vir lidmate wat oor daardie saak ontsteld is. En kom ons vra ons elkeen die vraag af in watter mate my uitsprake en optrede eerder God se skape uitmekaar jaag as om hulle te voed en op te pas. Laasgenoemde is immers die kerk se kernopdrag.

****

Aktuele sake

Ds Willem Sauer bespreek die onstuimige referendum wat in Januarie vanjaar in Soedan plaasgevind het. Hierdie referendum het 'n godsdienstige oorlog, wat reeds sedert 1955 voortduur, op die spits gedryf. Reeds voor die onafhanklikheid van Soedan in 1956 het die stryd tussen die noorde – wat ongeveer tweederdes van die grondgebied en bevolking van Soedan insluit – en die suide begin. Die noorde word beheer deur 'n meerderheid wat Moslems en van Arabiese oorsprong is. Die suide bestaan hoofsaaklik uit Afrikavolke, en die Christelike godsdiens is al vir eeue die prominente godsdiens.

Alles dui daarop dat die suide moontlik 'n onafhanklike Christenstaat gaan word, maar die stryd van Soedan se Christene is nie iets van die verlede nie. Die Islamitiese regering in die noorde het reeds aangedui dat as die suide onafhanklikheid verkry, gaan Islam die enigste godsdiens en Arabies die amptelike taal wees in die noorde, waar 12 tale gepraat word en waar steeds baie Christene en mense wat inheemse godsdienste beoefen, woon.

Ons as Christene wat ons godsdiens in vryheid kan beoefen, moenie ophou om vir ander Christene in lande soos Soedan te bid nie. Godsdiensvryheid is iets wat ons werklik moet koester en beskerm. Godsdiensvryheid is nie iets wat ons as vanselfsprekend kan aanvaar nie.

Ds Colin Hertzog vra: Hoe oordeel die Hervormde Kerk oor die uitdrywing van duiwels en demone?

'n Ondersoek na amptelike uitsprake van die Kerk oor eksorsisme lewer nie baie op nie. Die mees onlangse standpunt oor die saak is in 1992 gemaak tydens die 62ste AKV. Dit spruit voort uit 'n saak wat aangehoor is oor 'n predikant wat betrokke was by duiweluitdrywery. Die vergadering het eksorsisme saam met allerlei vreemde seremonies en praktyke verwerp. Daar is besluit dat dit volledig *in stryd is met die Bybels-Reformatoriese teologie en die geloof, soos dit in ons Kerk bely word*. Hierdie is die enigste verwysing uit die meer onlangse verlede dat die Kerk duidelik standpunt inneem teen die praktyk van duiweluitdrywing. Van studies wat na hierdie uitspraak sou volg, het nie veel gekom nie.

In 'n Bybels-Reformatoriese teologie behoort sondaars self verantwoordelikheid te aanvaar vir hul verkeerde dade. Die oorsaak van sonde kan, soos soms gebeur, nooit teen die rekening van demone of die duiwel gehou word nie. Praktyke soos eksorsisme kan die indruk wek dat die mens bloot 'n slagoffer is. Dit strook nie met tekste soos Romeine 7: 19 nie: *Die goeie wat **ek** wil doen, doen **ek** nie, maar die slegte wat **ek** nie wil doen nie, dit doen **ek**.*

Die belangrikste rede waarom gelowiges hulle nie met duiweluitdrywery behoort besig te hou nie, is geleë in die lewe en werk van Jesus. Jesus het die bose reeds in die woestyn en daarna met sy daad aan die kruis en sy opstanding oorwin. Hierdeur het Hy die mag van die bose verbreek en hou dit geen gevaar vir die gelowige in nie. In 1 Johannes 5: 18 staan: *Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie.* Waar gelowiges soveel mag aan demone gee dat hulle 'n bedreiging inhou, word iets van die wonder van Jesus se oorwinning verskraal.

****

Lees van die 60-jaar-vierings van **prof Ben Engelbrecht en prof Bart Oberholzer**, asook van die woelinge in kerklike geledere elders in die wêreld. **Ds Thomas Joubert** besin oor die waarde van huisbesoek, en 'n lidmaat gee 'n eie mening oor die herderlike skrywe van die Kommissie van die AKV.